

PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

29 Augustus 2021

Vanoggend se erediens

Tema: God se verhaal – hoe pas jy in?



Skriflesing: 2 Tim 3:10-17

Die Bybel is God se verhaal, van die skepping af tot die wederkoms, of herskepping. Jy skryf ook daaglik aan jóú deel van hierdie verhaal.

Pas jou lewe in in die styl en intrige of plot van God se storie?

2 Timoteus 3:10-17

God se verhaal –
hoe pas jy in?



Dit is vandag Bybelsondag

Elke jaar, op die laaste Sondag van Augustus, is dit Bybelsondag, waar ons die Here dank vir die voorreg om sy Woord aan ons in Afrikaans te mag hê. Die datum is gekies omdat die eerste volledige Bybel in Afrikaans op 27 Augustus 1933 feestelik in gebruik geneem is.

Behalwe die 1933-vertaling (wat in 1953 hersien is), is die ander amptelike vertalings in Afrikaans die 1983-vertaling, en ook die 2020-vertaling. Hiernaas is daar ook heelwat ander nie-amptelike vertalings wat met groot vrug gebruik word, soos die Nuwe Lewende Vertaling en Die Boodskap.

'n Paar interessante brokkies inligting oor die Bybel:

- Die Bybel is oorspronklik in drie tale geskryf: die Ou Testament in Hebreeus en Aramees, en die Nuwe Testament in Grieks.
- Geen oorspronklike manuskrip van enige deel van die Bybel is meer te kry nie. Ons het net oorgeskryfde geskrifte. Met die oorskryf het daar foute ingeglip, maar deur 'n wetenskaplike studie kan ons vandag met redelike sekerheid sê dat die saamgestelde teks waaruit ons moderne Bybel vertaal is, baie naby die oorspronklike manuskripte is.
- Die Bybel is deur talle mense uit verskillende agtergronde en tye geskryf. Onder hulle was konings, priesters, vissermanne en ook gewone boere.
- Die Bybel het op drie kontinente ontstaan: Asië (Palestina, Babel en Persië), Egipte en dele van Europa.

- Die oorspronklike geskrifte het nie hoofstuk- of teksvers-indelings gehad nie. Dié is eers in die 14de eeu ingevoeg.
- Die Bybel is steeds die wêreld se top-verkoper van alle tye.

Só glo ons

Heidelbergse Kategismus

Vraag 44: Waarom volg daar: “neergedaal na die hel”?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus my deur sy onuitspreeklike ang, smart en verskrikking wat Hy aan sy siel deur sy hele lewe maar veral aan die kruis gely het, van die helse ang en pyn verlos.

Ek glo ...

Ons Program

Vandag: Bybelsondag

📖 **Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom.

📖 **Sondagskool**


📖 **Deuroffer:** Bybelgenootskap

Sondag 5 September: Nagmaal

📖 **Nagmaalsdiens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom

📖 **Geen Sondagskool**

📖 **Deuroffer:** Fonds vir dowes



Bybellees-program

Ons is besig met die boek **Daniël**. Op die WhatsApp-groep “Petrusburg” kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play of App Store. Soek net NG Kerk Petrusburg.

Lief & Leed

Waarderingsmaaltyd

Die Vrouebediening het hierdie week 'n hele aantal geestelike leiers in die gemeenskap bederf met 'n heerlike maaltyd om dankie te sê vir hulle werk gedurende die pandemie. Altesaam 10 egpare het etes by hulle huise ontvang. Dit was smaaklik berei en voortreflik aangebied. Daarby was ook 'n kaartjie met 'n wonderlike bemoedigende boodskap.

Baie dankie aan Lulu Hugo en wyke 2, 5 en Modderrivier. Julle is die beste!



Die spog-ete

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Augustus

- 29 Martie Smit
- 30 Francois Neethling
- 31 Welmé du Preez

September

- 2 Niël du Toit; **Frans van der Watt (87j)**; Alida Swanepoel



Huweliksherdenking

September

- 1 Kobus & Marietjie Hugo (48j)
- 2 Frederik & Annemarie Marais (15j)

Baie geluk aan ons orrelis, Elmien Thom ...

Elmien het Saterdag 'n Langdienstoekenning vir 40 jaar diens as kerkorrelis en lid van die Suider-Afrikaanse Kerkorreliste-vereniging ontvang by die SAKOV se Vrystaatse Streekbyeenkoms. Ds. Jaco het ook die opening waargeneem, ons glo dit was 'n besondere dag vir hulle.



Voorbidding

- Anna-Marie en Dirk Terblanche – Anna-Marie se broer is oorlede dié week.

Padkaart vir die week : 29 Augustus 2021

Skriflesing: 2 Timoteus 3:10-17 God se verhaal – hoe pas jy in?

Die Bybel is in ses “bedrywe” geskryf. In watter bedryf pas jou lewe in?

Hoe kan jy seker maak dat jou lewe inpas in die groot verhaal van God se besigwees met die wêreld?

Dink oor Jesus wat die hoofrol in die verhaal speel. Wat is sy rol?

Wat is j^ou rol?

Hoe sal jy die boodskap opsom?